COMMUNITY NEWSPAPER
Gans Berg Nuus/News
PRICE R15.00
21 November 2025
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford
278ste Uitgawe




# Local Cheese, Global Triumph!

Klein River Cheese from Stanford in the Western Cape has been named among the major winners at the World Cheese Awards 2025 - achieving their biggest awards haul to date with a remarkable 10 medals: 5 Bronze, 2 Silver, 2 Gold and 1 Super Gold. The globally recognised event took place at the Festhalle at BernExpo in Switzerland on Thursday, 13 November 2025, with a record-breaking 5,244 entries from across the world. One of the standout triumphs was their Babylonstoren Parmesan 24-months, crafted and aged on the Klein River Cheese Farmstead, which secured a coveted Super Gold award. This marks Klein River Cheese's most successful year ever at the World Cheese Awards.




**Awards:**
**5 x Bronze:** Danbo; Havarti; Gruberg; Young 3-months; Woolworths Oak Smoked Stanford; Cape Leopard (new!).
**2 x Silver:** Spar Signature Selection Smoked Artisan Gouda; Gruberg Vintage 12-months.
**2 x Gold:** Parmesan 12-months; Gruberg Mature 6-months.
**1 x Super Gold**: Babylonstoren Parmesan 24-months.

The award-winning results from Klein River Cheese highlight their commitment to crafting traditional, natural cheeses. Their exceptional milk comes from pasture-raised Jersey cows, and all cheeses are slowly matured on timber and tended to by a dedicated team of cheese affineurs. Raymond Siebrits of Klein River Cheese said: *"We are overjoyed and humbled to have won more medals than ever before, including a Super Gold and two Golds. This is global recognition for some of the finest products made in South Africa. As a rural family business with a small, passionate team, we are going to celebrate with lots of cheese!"*



**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




This 37th edition of the world's most respected cheese competition saw entries from 46 countries. The cheeses were evaluated by a panel of 265 leading experts, including affineurs, graders, producers, retailers, journalists, broadcasters and other specialists. Each year, judges are carefully selected to ensure balanced representation across age, gender, discipline and expertise. Judges work in teams of two or three, identifying cheeses worthy of Bronze, Silver, Gold or Super Gold. Each entry is assessed on its look, feel, smell and taste, including the appearance of the rind and paste, aroma, body and texture. Most of the scoring focuses on flavour and mouthfeel. To ensure fairness, the competition is entirely blind: all packaging and identifying marks are removed, and judges receive only a brief description with no indication of origin or producer.

John Farrand, managing director of the Guild of Fine Food - the organisation behind the World Cheese Awards - said: *"There is nothing quite like the World Cheese Awards, not least for the sheer spectacle of the day - there is no other way to see 5,000 cheeses under one roof. Our judges are vetted to ensure a broad range of palates and*



*expertise, representing over 40 nations. Working in teams of two or three, the panel of 265 experts blind-taste 45 cheeses each across 110 tables, carefully assessing every entry on its own merits. Our consolidation points across the globe make it possible for the smallest artisan producers to compete with household names. It's a totally level playing field - and a commercial pat on the back for those who receive an award."*

**Hardus Botha**

# Luisterryke Jeug-Kerssangfees



Luisterryk, vloeiend, gewyd, talentvol... Dis moeilik om die pragtige en talentvolle kinders en jongmense wat tydens die NGK se Jeug-Kerssangfees opgetree het, in woorde te beskryf - 'n ware trots vir Gansbaai! "Hierdie fees van Kerssangmusiek onder ons jeug is jaarliks ook 'n spesiale saambindgeleentheid vir ons gemeenskap," vertel Asanti Smit, hooforganiseerder van die Kerssangdiens, saam met haar puik span helpers.
Met die goed saamgestelde program kon die gehoor ontspan, kyk, luister en hulself inleef in die sang en musiek van die talentvolle kinders en jongmense. Ds. Hanri Joubert het die geleentheid geopen, gevolg deur hartlike samesang: *Herders op die ope velde*. Die kleuters van Fielavlooi en Kleine Gansies het op hul eie, opregte wyse hul bydrae met oorgawe gelewer - met 'n handjie wat hier en daar in die rigting van ouers gewaai het - alles tekens van egte kinderlike opregtheid.

Die res van die program het vlot verloop, met deelnemers wat duidelik uitstekende afrigting ontvang het: Gansbaai Primêr en Laerskool Gansbaai se kore, ensembles, Poco Musica, Con Grazia, Ballet vir beginners, soliste, en die NGK Gesinsdienste se musiekspan. Aan musiekinstrumente was daar geen tekort nie: kitare, ukuleles, viole, dromme, klarinette, klaviere, blokfluite, keyboards en ander slaginstrumente - almal bespeel deur talentvolle en goed afgerigte kinders en jongmense. Dis eintlik jammer dat nie almal se name genoem kan word nie - elke koor en elke deelnemer het op hul eie unieke manier uitgeblink.

"As organiseerders beskou ons dit as 'n voorreg dat verskeie kleuterskole en laerskole, saam met hul personeel, betrokke was by hierdie spesiale geleentheid," het Asanti gesê. Sy het ook verwys na die gesinne waar musiekprojekte as ensembles aangepak word, en na hoërskoolkinders wat nie meer in Gansbaai skoolgaan nie, maar steeds deelneem en betrokke by hierdie Kersgeleentheid wil wees. "Dit alles bou net nog sterker bande onder ons kinders en binne ons gemeenskap - in hierdie vreugdevolle atmosfeer van die naderende Kerstyd," het sy bygevoeg.



"Ek wil graag erkenning gee aan die hande wat die ongelooflike dekor geskep het - Hanrie Fourie en Nel en Christine Schrecker - asook aan almal wat agter die skerms stil-stil enorme insette gelewer het om te verseker dat dit 'n besonderse en geslaagde geleentheid was."
(Foto's: Hennie Otto & 2 x Woensdrecht Basson))

**Hardus Botha**

**Eileen's Take Away's**
Burgers, Ribs, Schnitzel, Eisbein, Sushi
Sunday Lunches on order
Call / Whatsapp to order: 074 709 3395
Corner of Voortrekker & Churchstreet

**Prag** LOCKSMITH LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED
9A LONG STREET. HERMANUS
083 660 9115

**J&A Panelbeaters**
Caven: 072 244 8986
Tel: 028 007 0283
japanelbeaters@gmail.com
Insurance Approved
3 Strandlopertjie Straat, Gansbaai, Industrial

**Contact us to Advertise:**
Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za

# Lia du Toit op pad na DanceStar World Dance Masters



*Lia du Toit.*

Lia du Toit, 'n Gr 3 'dansende' Gansie van Laerskool Gansbaai, het gekwalifiseer om aan die 2026 *DanceStar World Dance Masters*-kompetisie deel te neem - pragtig, Lia, en baie geluk!

Sy het onlangs aan haar heel eerste internasionale DanceStar-kompetisie deelgeneem en uitstekend gevaar. Haar prestasie het haar gekwalifiseer vir deelname aan die *DanceStar World Dance Masters* wat in 2026 in Kroasië plaasvind. Kroasië is 'n land in Suidoos-Europa, geleë aan die Adriatiese See, en die hoofstad is Zagreb - sommer ver weg!



*Lia du Toit in aksie.*

Laerskool Gansbaai, die gemeenskap en die Gans-Berg Nuus wens Lia eerstens baie geluk met haar uitsonderlike prestasie. Tweedens wens ons haar alle sterkte toe met die komende kompetisie, en ons vertrou dat daar nog groot hoogtes in die toekoms op haar wag.

**Hardus Botha**

**Seeff** Success with every move.
DID YOU KNOW?
7,000+
Our partnership with Hamptons International gives sellers global exposure and buyers access to properties worldwide through 7,000 offices.
Gansbaai 028 384 1444
Pearly Beach 072 777 1788
Stanford 082 851 9452

# LOST OR DESTROYED DEED

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer Number T50389/2022** passed by **Joan Botha**

**Identity Number: 470313 0038 08 1, Unmarried** in favour of **SHAWN GEORGE ROBERT LE ROUX Identity Number 740525 5226 08 0 and LAURETTE LE ROUX Identity Number 760923 0034 08 5 Married in community of property to each other & MARIANNE FREDERIKA JANSE VAN RENSBURG Identity Number 690729 0037 084 Unmarried & ELRIE SMITH Identity Number 870801 0103 08 3 Unmarried** in respect of certain ERF 10 PEARLY BEACH SITUATE IN THE OVERSTRAND MUNICIPALITY DIVISION **BREDASDORP PROVINCE OF THE WESTERN CAPE IN EXTENT 773 (SEVEN HUNDRED AND SEVENTY THREE) Square metres** which has been lost or destroyed.

All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds Cape Town, Floor 4, Information Desk, 2 Riebeek Street, Foreshore, Cape Town, CAPE TOWN, within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at MAFIKENG on 17 NOVEMBER 2025 Steenkamp Inc. Address – 20 Cooke Street, Mafikeng, 2745
email – elrie@steenkampinc.co.za Contact – 018 381 8383

Freda:063 668 4577 Janine:072 931 1431
freda@gansberg.co.za janine@gansberg.co.za

**Overberg Scaffold & Machine Hire**
Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.
Industrial Circle, Industrial Area. Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676

# Gebaretaal is Dowes se Moedertaal

**Deel I**


Martin du Plessis en sy eggenote, Eileen.

*Gebaretaal is die Moedertaal van Dowes* - net soos Afrikaans, Engels of isiXhosa die Moedertaal vir spesifieke kultuurgroepe is. “Die benaming 'Dowe' word bo 'Gehoorgestremde' verkies,” vertel Martin du Plessis van Franskraal. “Dowes is nie 'gestremdes' nie, aangesien hulle wel kan praat.” In Deel I van hierdie reeks kyk ons na die Orale- en Lipleesmetods (Spraaklees), asook na Gebaretaal. Die praktiese toepassing daarvan sal in Deel II in die volgende uitgawe verduidelik word.

In 'n vorige berig, '*Die Noodsaaklikheid van Gebaretaal*' (*Gans-Berg Nuus, 26 September 2025*), het Martin vertel dat hy, op versoek van 'n vriend, die mees algemeen gebruikte gebare, soos Goeiemôre, Goeiemiddag, Goeienaand, Hoe gaan dit, ensovoorts, wou saamstel. Hy het besluit om eerder die eenhand-vingerspelling aan te beveel, alvorens daar met gebare begin word. Hy het 'n verkleinde fotostaat van die eenhand-vingeralfabet gemaak en met een-hand-sketse dit so akkuraat moontlik beskryf. Martin se hoofbron is die handboek, '*Talking to the Deaf \ Praat met die Dowes*', geskryf deur Norman Nieder-Heitmann.

**Orale- en Lipleesmetode (Spraaklees)**
“Vanaf die vroeë 1800's was die orale metode dwarsoor die wêreld - ook in Suid-Afrika - die algemene metode waarvolgens Dowes aan opvoedkundige Dowe-instellings opgelei is,” vertel Martin. Die instellings waarna hy verwys, sluit onder andere die De La Bat Skool vir Dowes in Worcester in, wat die toon aangegee het vir skole vir Dowes in die Wes-Kaap en elders in Suid-Afrika. Die Lipleesmetode het van die standpunt uitgegaan dat die horende gemeenskap nie by die Dowe-gemeenskap gaan aanpas nie, maar dat Dowes by die horendes moet aanpas. “Anders gestel: Dowes sal die horendes se gesprek moet kan liplees,” verduidelik Martin. “Ek sien nog in my geestesoog hoe die kleuter-Dowetjies deur die onderwyspersoneel opgelei is om in snesies te blaas om die 'te-' en 'pe-' klanke te kan sê,” vertel hy. “Die onderwyspersoneel het destyds onder leiding van mej. Lourens, wat as departementshoof aan die kleuterskool gedien het, gefunksioneer.”

Martin vertel voorts dat al die onderwysdepartemente: laer- en hoërskole, asook die Saamstaan Skool vir Dowes vir Meervoudig Gestremde Dowes, 'n manlike persoon as skoolhoof gehad het. Die Kleuterskool het wel 'n dame as skoolhoof gehad. “Só was Deon Rabe, wat baie van ons in Gansbaai ken, die Departementshoof by die laerskool, en ek die Departementshoof by Saamstaan,” vertel Martin.

**Gebaretaal**
Martin vertel dat Gebaretaal in wese deur die Dowe-gemeenskap self geskep is. Die sinne, foto's en prentjies met hul gebare wat gaan volg, is geneem uit die Suid-Afrikaanse Gestandardiseerde Gebaretaal. In 1995 is die vorige Suid-Afrikaanse Raad vir Dowes verander na die Dowe Federasie van Suid-Afrika. Dit het 'n radikale beleidsverandering ten opsigte van sake rakende die Dowe-gemeenskap tot gevolg gehad - onder andere die ontwikkeling en aanvaarding van 'n enkele Gebaretaal in Suid-Afrika, met verwysing na die orale metode in skole vir Dowes.

**Gebaretaal op pad na Amptelike Taal**
Gebaretale word in vier Suid-Afrikaanse wetsbeleide genoem, naamlik die Suid-Afrikaanse Amptelike Taalbeleid, die Suid-Afrikaanse Skolewet en die Suid-Afrikaanse Taalraadwet. Op 19 Julie 2023 het die 18de *Constitutional Amendment Bill* bepaal dat Suid-Afrikaanse Gebaretaal een van die amptelike tale van Suid-Afrika sal wees - gelykstaande aan Afrikaans, Engels en die ander tale. In die volgende uitgawe kan lesers kennis neem van die praktiese toepassing van Gebaretaal. Vir meer volledige inligting kan Martin du Plessis by 072 177 4697 geskakel word.
(*Met dank aan Martin du Plessis, die hoofbron van hierdie kosbare inligting.*)

**Hardus Botha**



# Braving the Swell - African Penguins released

Just a month ago, the tiniest African penguin chick arrived at the African Penguin and Seabird Sanctuary (APSS), weighing only 970 grams. Thanks to expert care, love, and a steady diet of top-quality fish, he now tips the scales at a healthy 3 kilograms.

Under the guidance of Senior Bird Rehabilitator Xolani Lawu, his team, and veterinarian Dr Annamarie Roberts, the chicks learned to swim and were soon ready for their first ocean adventure. On Wednesday, 12 November 2025, 12 chicks and one adult penguin were released back to their home colony on Dyer Island. These chicks had been rescued by CapeNature and the Dyer Island Conservation Trust/APSS teams after being abandoned during their parents' annual moult - a time when adult penguins cannot swim or feed, leaving their young vulnerable. With African penguin numbers in steep decline, every chick saved is a lifeline for the species.







**Riding the Swell**
A large swell around Dyer Island forced the Marine Dynamics and Dyer Island Conservation Trust teams to act fast. The penguins were loaded onto Happy Feet, one of Marine Dynamics' smallest vessels, designed for quick island drop-offs. With limited space, only Marine Biologist Amy Webber and Skipper Dickie Chivell crewed the mission. This release is part of the 2025 African Penguin Chick Baby Boom, a critical time when breeding and moulting seasons overlap.

"Nature times the penguin life cycle beautifully," says Wilfred Chivell, CEO of Marine Dynamics and founder of the Dyer Island Conservation Trust, "but human pressures mean some chicks won't survive without help. These birds are the honey badgers of the ocean - resilient, feisty, and remarkable - but they've been hammered by overfishing, predation, and habitat loss. Every chick counts." So far this season, 32 chicks have been rescued and cared for at the sanctuary. It's no small feat - each day, the chick crèche devours six boxes of premium sardines, costing around R150 per box. Once they reach the right weight and health, the chicks are returned to Dyer Island to reunite with their colony.

**Support that makes a Splash**
This work wouldn't be possible without generous supporters. A heartfelt thank you goes to Shannon and Kruger du Plessis, who launched a fundraiser after hearing the chicks' story - raising nearly R30,000 to help feed these 'pooping troopers'. Thanks to the KruShan Foundation, this batch of penguins is now strong, sleek, and ready to brave the open sea.

**A species in Peril**
African penguin numbers have plummeted from 141,000 breeding pairs in 1956 to just 19,000 today - a staggering 90% decline. "At APSS, we provide care, food, and clean habitats," says Xolani, "but it's the public's generosity that makes this possible."

**How you can help**
You can support the survival of African penguins by: *Donating to the Fishy Fund; *Visiting the African Penguin and Seabird Sanctuary in Kleinbaai (open daily 09:00 - 16:00); *Donating old towels or newspapers; *Supporting artificial nest projects to improve breeding success. Every act of kindness helps protect these charismatic seabirds and preserves a vital part of South Africa's natural heritage. Come visit the APSS during the school holidays - and don't forget to do your Christmas shopping at the sanctuary!

(*Information: Dyer Island Conservation Trust / African Penguin and Seabird Sanctuary - article shortened*)

**Hardus Botha**






# Beskermingsdienste-Sondag... 'n Huldeblyk aan Onverskrokke Diensbaarheid

Vir die onverskrokke beskerming van ons dorp en omgewing deur Gansbaai se Beskermingsdienste, is daar op Sondag, 16 November 2025, tydens twee spesiale eredienste - een in die kerk en die ander in die Pretoriussaal (gesinsdiens) - gehou. Die doel was om hierdie manne en vroue vir hul onbaatsugtige en dikwels gevaarlike werk waarmee hulle ons gemeenskap dien, te vereer en dankie te sê.

Onder die gaste was lede van die Gansbaai SAPD en Brandweer, uitgedos in netjiese uniforms, wat die eredienste bygewoon het. Pragtige en betekenisvolle versierings is voor in beide venues aangebring. Gemeentelede het hul waardering uitgespreek teenoor die manne en vroue wat daagliks hul lewens op die spel plaas om veiligheid, orde en gemoedsrus te verseker. Die dienste was gevul met gebed en opregte dankbaarheid, en het 'n kragtige boodskap van gemeenskapsameh origheid en ondersteuning uitgedra.

Die oorgrote meerderheid van die dienspersoneel het die gesinsdiens bygewoon, waar ds. Willie Kotze hulle na vore geroep het en die gemeente die Seënbede vir hulle gesing het. Ná afloop van die dienste is smaaklike verversings in die Sy-saal deur die Gasvryheidsdames bedien, en daar is gesellig saamgekuier en gesels.

Die redaksie van die Gans-Berg Nuus dra ook hul dankbetuigings oor aan ons dorp se Beskermingsdienste, insluitend die Munisipale Wetstoepassers. As joernaliste is ons dikwels 'ooggetuies' tydens verwoede veldbrande, ongelukstonele en misdaadtonele - geleenthede waar ons eerstehands die onverskrokke diensbaarheid van hierdie manne en vroue waarneem.
(*Foto's: Alanda Brown & Gans-Berg Nuus*)

**Hardus Botha**











# VLV Gansbaai sluit suksesvolle projek af... 'Bejaardes maak saak'

"VLV Gansbaai het 2025 met groot opwinding afgeskop - die dames was vasbeslote om 'n verskil in die gemeenskap te maak, en die VLV Kaapland se projektema was só reg in die kol: '*Bejaardes maak saak*'," het Marianna Mostert, media-verteenwoordiger en voorsitter, die Gans-Berg Nuus meegedeel. "Ons het besluit om Buffeljachtsbaai se Sopkombuis vir 2025 te ondersteun."

Marianna vertel dat daar, danksy kreatiewe denke, ook 'n klerebank ontstaan het om mense in nood by te staan. "Ons lede het maandeliks onder andere droë kosbestanddele en tweedehandse klere geskenk," het sy gesê. "Die projekleier, Anna-Marie Conradie, haar man Japie, asook ander VLV-lede, het die items by Pastoor Alet gaan aflewer." Pastoor Alet, soos almal haar ken, speel 'n belangrike rol in die Buffeljachtsbaai-gemeenskap en was die skakelpersoon vir die projek.



Op Saterdag, 15 November 2025, was dit 'partytjie-dag' op Buffeljachtsbaai. Fondse wat geskenk is, is vir dié doel aangewend, en heerlike eetgoed is voorgesit. Marianna vertel dat geskenkies uitgedeel is en die klerebank aangevul is - alles skenkings uit VLV-geledere. "Wat 'n wonderlike voorreg was dit nie om betrokke te kon wees nie," het sy opgewonde gesê. "Dit is immers een van die VLV se doelstellings: om in die gemeenskap betrokke te wees."

Daar is behoorlik partytjie gehou! Oud en jonk het saamgekuier, en op hierdie feestelike wyse is die jaar - en die projek - afgesluit. "Baie dankie aan elke lid wat deur die jaar 'n bydrae gelewer het," sê Marianna. "Dankie ook aan Buffeljachtsbaai se gemeenskap wat ons toegelaat het om diens te doen en hulle te kon ondersteun."

**Hardus Botha**







# Medical 911

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335



Gans-Berg
Nuus/News

**CONTACT US TO ADVERTISE:**

Freda:063 668 4577
freda@gansberg.co.za
Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

Hardus:082 786 0494 info2@gansberg.co.za


## OVERSTRAND MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT / UMASIPALA

**NOTICE IS HEREBY GIVEN** that an **ORDINARY MEETING** of the **OVERSTRAND MUNICIPAL COUNCIL** will be held in the **BANQUETING HALL, CIVIC CENTRE, HERMANUS** on **FRIDAY, 28 NOVEMBER 2025** at **10:00.**

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat 'n **GEWONE VERGADERING** van die **OVERSTRAND MUNISIPALE RAAD** gehou sal word in die **BANKETSAAL, BURGERSENTRUM, HERMANUS** op **VRYDAG, 28 NOVEMBER 2025** om **10:00.**

**OKU KUKWAZISA** ukuba **INTLANGANISO YESIQHELO yeBHUNGA LIKAMASIPALA WE-OVERSTRAND,** iza kuba se **eBANQUETING HALL, KWIZIKO LOLUNTU, eHERMANUS uLWESIHLANU, Umhla we 28 NOVEMBA 2025 ngeye-10:00.**

**MUNICIPAL MANAGER / MUNISIPALE BESTUURDER / UMPHATHI KA MASIPALA**
**NOTICE/KENNISGEWING/ISAZISO 226/2025**

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

Tenders are hereby invited for:

**Tender No. SC2599/2025: Provision of Catering Services, Ration Packs and Water to Emergency Services Personnel During Incidents for a Contract Period Ending 30 June 2028**

A compulsory information session will be held at **14h00 on 01 December 2025 at 3 Mussel Road, Hermanus (Hermanus Fire Brigade).**

Tender documents, in English, are obtainable from **Friday, 21 November 2025**, at the offices of the Supply Chain Management Unit, Overstrand Municipality, 1 Magnolia Avenue, Hermanus from Ms. R October, **roctober@overstrand.gov.za / 028 313 8052**, between 08h30-15h30 from Monday to Thursday, and 08h30-14h30 on Fridays.

Tender documentation fee of **R150-00** for hard copies or alternatively it is available electronically free of charge.

Sealed tenders must be deposited in **Tender Box No. 1** at the offices of the Overstrand Municipality. Bids may only be submitted on the bid documentation issued by Overstrand Municipality.

The closing date and time of the tender are on **12 December 2025** at **12h00**. Tenders will be opened in public by SCM personnel immediately after the closing date and time as indicated above.

The **80/20 preference point system** in terms of the **Overstrand Municipality's Preferential Procurement Policy** will be applicable.

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

Tenders word hiermee ingewag vir:

**Tender Nr. SC2599/2025: Lewering van Spyseniersdienste, Rantsoenpakke en Water aan Noodpersoneel Tydens Voorvalle vir 'n Kontraktydperk Eindigend 30 Junie 2028**

'n Verpligte inligtingsessie sal om **14:00 op 01 Desember 2025 in Mosselstraat 3, Hermanus** gehou word **(Hermanus Brandweer).**

Tenderdokumente, in Engels, is verkrygbaar vanaf **Vrydag, 21 November 2025**, by die Voorsieningskanaalbestuurseenheid, Overstrand Munisipaliteit, Magnoliaan 1, Hermanus, vanaf Me. R October, **roctober@overstrand.gov.za / 028 313 8052**, tussen 08h30-15h30 van Maandag tot Donderdag, en 08h30-14h30 op Vrydae.

Tenderdokumentasiefooi van **R150-00** vir harde kopieë of alternatiewelik is dit gratis elektronies beskikbaar.

Verseëlde tenders moet geplaas word in **Tenderbus Nr. 1** by die kantore van die Overstrand Munisipaliteit. Tenders mag slegs ingedien word op die tenderdokumentasie uitgereik deur Overstrand Munisipaliteit.

Die sluitingsdatum en -tyd van die tender is **12 Desember 2025** om **12h00**. Tenders sal onmiddellik na afloop van die sluitingsdatum en -tyd in die openbaar oopgemaak word deur VKB personeel.

Ingevolge die **Overstrand Munisipaliteit se Voorkeurverkrygingsbeleid** sal die **80/20 voorkeurpuntestelsel** van toepassing wees.

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

Kucelwa iziniki-maxabiso:

**Inombolo yeThenda SC2599/2025: Ubonelelo ngeeNkonzo zokuTya, iiPakethe zoKutya kunye naManzi kuBasebenzi beeNkonzo eziNgxamisekileyo ngeXesha leZiganeko zeThuba leKhontrakthi eliphela ngowama-30 Juni 2028**

Iseshoni yengcaciso esisinyanzelo iya kubanjwa **ngo-14h00 nge 01 ka-Disemba 2025, 3 e-Mussel Road, eHermanus (Hermanus Fire Brigade).**

Amaxwebhu abhalwe ngesiNgesi ayafumaneka ukusukela **NgoLwesihlanu, 21 ka-Novemba 2025**, kwi-ofisi yoLawulo Lweentengo, kuMasipala we-Overstrand, 1 eMagnolia Avenue, eHermanus ku Nkszn. R October, **roctober@overstrand.gov.za / 028 313 8052** phakathi kuka 08h30-15h30 ngoMvulo uyokuma ngoLwesine, ize ibengu 08h30-14h30 ngoLwesihlanu.

Intlawulo yeethenda yamaxwebhu **eyi-R150-00** yeekopi ezingamaphepha okanye kungenjalo iyafumaneka simahla kwikhompyutha.

Iziniki-maxabiso ezitywiniweyo kufuneka zifakwe kwi Bhokisi **yeZiniki-Maxabiso 1** kwii-ofisi zikaMasipala wase-Overstrand. Iziniki-maxabiso kufuneka zifakwe kumaxwebhu akhutshwe ngu Masipala wase Overstrand kuphela.

Umhla nexesha lokuvalwa kweziniki-maxabiso yi **12 ka-Disemba 2025 ngentsimbi ye-12h00** kwaye ziya kuvulwa ngoko-nangoko ngabasebenzi be-SCM.

Inkqubo yamanqaku **angama-80/20 ngokwemigaqo yoMgaqo-nkqubo wokuFumana ngokuKhethekileyo** kaMasipala waseOverstrand iya kusetyenziswa.

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 234/2025

155301

FREDA: 063 668 4577 / FREDA@GANSBERG.CO.ZA
JANINE: 072 931 1431 / JANINE@GANSBERG.CO.ZA

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERF 1861, 34 MAIN ROAD, GANSBAAI: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS AND DEPARTURE: TOWN & COUNTRY ON BEHALF OF ELIANGEXI INVESTMENTS (PTY) LTD

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law), of the following application applicable to Erf 1861, Gansbaai (the property), namely:

**Removal of Restrictive Title Deed Condition**
Application in terms of Section 16(2)(f) of the By-Law for the removal of restrictive title deed condition 43.C.4(b) as contained in Title Deed T11849/2001 of the property.

**Departure**
Application in terms of Section 16(2)(b) of the By-Law in order to:

- relax the western lateral building line from 3m to 0m to accommodate the existing store and bathroom (toilets), and
- relax the western lateral building line from 3m to 1m and 0.5m respectively to accommodate the existing wendy house and shadeport.

**Determination of an administrative penalty**
Application in terms of Section 16(2)(q) of the By-Law to accommodate the existing store, bathroom (toilets), wendy house and shadeport.

Full details regarding the proposals above are available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Division: Town and Spatial Planning, 16 Paterson Street, Hermanus; Gansbaai Library, Main Road, Gansbaai and on the municipal webpage at the following link https://www.overstrand.gov.za/document/town-spatial-planning/land-use-planning-applications/

Any comments must be in writing and reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus / (e) alida@overstrand.gov.za) on or before **16 January 2026**, with your name, address, contact details, interest in the application and the reasons for comment. Telephonic inquiries can be made to the **Principal Planner, Mr SW van der Merwe** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comments after the closing date. Any person who cannot read or write can visit the Division: Town and Spatial Planning where they will be assisted by a municipal official in formulating their comments.

*Please note that in terms of the Protection of Personal Information Act (POPIA), you will be entering into a public process and as such agree and consent to your name, surname, contact details and comment(s) may be disclosed / used in the (application) process.*

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### ERF 1861, HOOFWEG 34, GANSBAAI: AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTEVOORWAARDE EN AFWYKING: TOWN & COUNTRY NAMENS ELIANGEXI INVESTMENTS (PTY) LTD

Kragtens Artikel 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) word hiermee kennis gegee van die onderstaande aansoeke van toepassing op Erf 1861, Gansbaai (die eiendom), naamlik:

**Opheffing van Beperkende Titelaktevoorwaarde**
